



## Alkoholbeleid

<b>Tipe dokument:</b>	Beleid
<b>Doel van die beleid:</b>	Bevordering van verantwoordelike alkoholgebruik, wat aanvaarbare gedrag in en teenoor die gemeenskap insluit en tot die voorkoming van alkoholmisbruik lei
<b>Goedgekeur deur:</b>	US Raad
<b>Goedkeuringsdatum:</b>	1998-04-26
<b>Implementeringsdatum:</b>	1998-04-26
<b>Datum van volgende Hersiening:</b>	
<b>Datum(s) van vorige Hersienings:</b>	
<b>Beleideienaar<sup>1</sup>:</b>	Vise-Rektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel
<b>Beleidkurator<sup>2</sup>:</b>	Hoof Direkteur: Strategiese Inisiatiewe en Menslike Hulpbronne
<b>Sleutelwoorde:</b>	Alkohol, Alkoholmisbruik; Middelmisbruik
<b>Geldende Weergawe:</b>	Ingeval van geskille ten opsigte van interpretasie, word die Engelse weergawe van hierdie beleid as die geldende weergawe aanvaar.

US Beleide is beskikbaar by [www.sun.ac.za/policies](http://www.sun.ac.za/policies)

<sup>1</sup> Beleideienaar: Hoof(de) van Verantwoordelikeheidsentrum waarbinne die beleid funksioneer.

<sup>2</sup> Beleidkurator: Administratiewe hoof van die afdeling verantwoordelik vir die implementering en instandhouding van die beleid.

## **A ALKOHOLBELEID**

### **1. Oogmerke**

Die US se voorgestelde alkoholbeleid is opgestel in ooreenstemming met toepaslike wetgewing en met universiteitsvoorskrifte, waaronder die Studentereglement.

Die beleid reflekteer die ideaal van wedersydse respek en persoonlike verantwoordelikheid binne die diverse gemeenskap van studente en personeel aan die US.

Die US erken die reg tot die vrywillige en ingeligte keuse van elke individu om alkoholiese drank te gebruik, met inagneming van die Studentereglement. Die Universiteit is egter ook verbind tot die bevordering van verantwoordelike alkoholgebruik, wat aanvaarbare gedrag in en teenoor die gemeenskap insluit, en tot die voorkoming van alkoholmisbruik.

In navolging van die US se missie en doelstellings word daar gepoog om 'n optimale kampusklimaat te skep wat die behoud van die Universiteit se integriteit as opvoedkundige instelling van voortreflikheid sal verseker.

### **1. Beleid**

Die voorgestelde Alkoholbeleid van die Universiteit het ten doel om die volgende te voorkom:

- luidrugtigheid;
- vandalisme;
- destruktiewe gedrag van enige aard;
- die aantasting van die menswaardigheid van enige persoon;
- aanstootlike taalgebruik of enige vorm van openbare onsedelikheid;
- intimiderende gedrag of fisiese geweld;
- enige vorm van seksuele teistering of verwante misdade;
- optrede wat die veiligheid of welsyn van die betrokke individu in die gedrang mag bring;
- die bestuur van enige voertuig onder die invloed van alkohol;
- weiering van optrede en redelike versoeke van die USBD, of enige ander gemagtigde amptenaar van die US of ander instansies;
- enige ander optrede wat die goeie naam van die US in die gedrang mag bring.

Ten einde hierdie oogmerke na te streef is daar verskillende bepalings in die Studentereglement en koshuisreëls van die US opgeneem. Die US behou die reg voor tot enige aanvaarbare optrede wat dit moontlik maak om hierdie beleid doeltreffend te kan toepas.

Die oormatige gebruik van alkohol sal nie as versagtende omstandighede aanvaar word in gevalle waar dit tot die oortreding van die US se voorskrifte aanleiding gee nie. Die voorsiening van alkoholiese drank aan en gebruik deur persone onder die ouderdom van 18 jaar word uitdruklik verbied.

## **B. VOORGESTELDE AKSIEPLAN**

### **1. Studentereglement**

Die Komitee beveel aan dat die oortredings soos in deel twee van die Alkoholbeleid omskryf, op die een of ander wyse spesifiek in die Studentereglement opgeneem moet word. Dit kan ter vervanging van of aanvullend tot die bestaande klousule wees.

Die koshuisreëls, spesifiek ten opsigte van alkoholmisbruik en klubs in koshuise, moet ook met die Alkoholbeleid in ooreenstemming gebring word.

### **2. Aanbevelings deur die Sentrum vir Studentevoorigting (SSV)**

2.1 'n Middelmisbruikkomitee word onder leiding van die SSV tot stand gebring om inligting in te win oor die patrone van middelmisbruik op die kampus, om beleidsvoorstelle aan die verskillende rolspelers te maak en die uitvoering van die middelmisbruikstrategie te koördineer.

2.2 'n Middelmisbruikbronnensentrum word binne die SSV gevestig.

2.3 Die volgende opvoedings- en voorligtingsprogramme word deur die SSV bestuur en in samewerking met die Middelmisbruikkomitee aangebied:

#### *2.3.1 Voorkomende programme*

Daar word aanbeveel dat die SSV 'n omvattende alkohol/middelopvoedingsprogram aanbied om studente bewus te maak van die gepaardgaande probleme en om alkohol/middelmisbruik by spesifieke teikengroepe te voorkom.

#### *2.3.2 Terapeutiese programme*

Vertroulike en professionele behandelingsprogramme word deur die SSV (Afdeling Kliniese Sielkunde) op die kampus aangebied. Indien die nodige dienste nie op die kampus beskikbaar is nie, sal persone na toepaslike rehabilitasiesentrums verwys word. Na die aanvanklike behandeling word persone na nasorgprogramme (bv. die AA) verwys.

2.4 Die doelstellings, effektiwiteit en kostedoeltreffendheid van hierdie programme word deurlopend deur die Afdeling Voorligtingsielkunde geëvalueer om met resente behoeftes en ontwikkelings tred te hou.

2.5 Studente van die US wat die Alkohol/middelbeleid en die bepalinge van die Studentereglement in dié verband oortree, behoort geadviseer/verplig te word

om aan die voorligtingsprogramme deel te neem of ander sielkundige hulp te ontvang.

- 2.6 Die Middelmisbruikkomitee moet die Studenteraad, die Primkomitee, koshuis- en PSO-huiskomitees, die Kamavalkomitee en die Triversitykomitee sensitiseer vir die gevare van middel/alkoholafhanklikheid en -misbruik.

### 3. Die US Beskermingsdienste (USB) en die toepassing van die Alkoholbeleid

Die USBD kan *proaktief* optree deur die statistiek van alkoholmisbruik noukeurig by te hou en deurlopend aan die Universiteitsgemeenskap te kommunikeer. Daar word ook aanbeveel dat die USBD as skakel met die SAPD optree by die opvolg van sake wat deur die SAPD gehanteer word.

*Reaktiewe* optrede van die USBD behels in die breë die identifisering van individue wat die bepalinge van die Alkoholbeleid oortree, die begeleiding van individue wat nie in staat is om hul eie veiligheid te verseker nie en hulp met die identifisering van individue wat leiding en hulp nodig het.

#### 3.1 Bemagtiging van die USBD vir die toepassing van die Alkoholbeleid

USB-beamptes moet deur die Universiteit bemagtig word vir die nougesette deurvoering van die stappe, voorstelle en prosedures van die aksieplan.

Konflik met studente moet so ver moontlik vermy word.

#### 3.2 Hulpmiddels, bystand en opleiding

- 3.2.1 Om die identifikasie van individue en die verifikasie van beweerde / vermeende identiteite te vergemaklik, moet die Universiteit aan die USBD beheerpersoneel toegang tot sy databasis van die foto's van studente (die studentekaarte) verleen.

- 3.2.2 Wanneer 'n USBD-beampte vermoed dat 'n vrouestudent onder die invloed van drank is, mag hy haar slegs in 'n vroulike beampte se teenwoordigheid konfronteer, om beskuldigings van seksuele teistering te voorkom.

- 3.2.3 Hulpmiddels soos alkoholverklidders moet aan USBD beskikbaar gestel word vir gebruik tydens dispute.

- 3.2.4 Indien dit blyk dat USBD-beamptes se persoonlike veiligheid bedreig word as gevolg van hulle optrede in die toepassing van die Alkoholbeleid, moet die Universiteit goedkeuring verleen vir die verskaffing van die nodige selfbeskermingshulpmiddels.

- 3.2.5 Die Universiteit moet fondse beskikbaar stel sodat USBD-beamptes, na gelang van behoeftes wat geïdentifiseer word, die gepaste spesialiseringsopleiding

kan ontvang.

*Kotter*  
26/4/98